# 20 Junie 2023 - Lesing 53 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Rede vir die dieper kennis - Die geloofstryd **–** 23/1/58

**NO: 7023** Hoe meer Ek julle inlei in My heilsplan van die ewigheid, des te meer waardevolle werke sal julle kan verrig, want julle word dan eers geskik om julle medemens as leraar te dien wanneer julle self oor groot kennis beskik.

Eens het **Ek Self My dissipels opgelei** en daarom sal Ek nou ook My laaste medestryders onderrig, sodat hulle vir My en My ryk kan opkom as dit van hulle verlang word. Hulle sal op die voorgrond kan tree wanneer dit gaan om die geloof te verdedig insake leerstellings wat nie bewysbaar is nie, want die tyd sal kom waarin die mens die stryd sal aansê teen alles wat geestelik is.

En geen bestaande geestesrigting sal daarvan verskoon bly nie, maar sal **aangeval en belaster** word. En ook sal dit nie moeilik wees vir My teenstander om die fondament van die meeste geloofsrigtings te vernietig nie, want die meeste is maar net op "los sand" gebou, dit wil sê hulle leerstellings kan nie met teenwerping standhou nie. Hulle sal ontsenu word en hulle aanhangers sal begin twyfel en maklik van die geloof afgebring word as hulle nie in **fanatisme** hulle geestelike rigting trou gaan bly nie, egter sonder om innerlik oortuig daarvoor op te kom.

**Maar so sal ook teen die suiwere waarheid geveg word**, dus ook teen julle wat Ek gekies en onderrig het as verteenwoordigers van die waarheid wat **Ekself** aan julle laat toekom. Ook julle sal in die stryd betrek word, maar dit sal vir julle teëstanders moeilik wees om julle tot 'n val te bring, omdat julle, **as gevolg van julle insig, bekwaam sal wees om die waarheid te verdedig** en ook elke teenwerping te weerlê, omdat julle die diepste samehang logies sal kan motiveer.

Juis daarom openbaar Ek My heilsplan aan julle en skenk aan julle kennis wat vir julle die rede sal wees om die stryd teen julle "vyande" op te neem, want dan stry julle met die "**swaard van die mond**".

Begryp julle nou waarom Ek julle steeds weer die kennis van Bo laat toekom? - Waarom Ek julle 'n blik laat gee in 'n geestelike gebied wat **geen algemene goed is nie,** maar wat elke mens tog kon besit indien hy homself maar net so sou vorm dat hy deur My Gees verlig kan word?

Die denke van die mense het in verwarring geraak en hulle het derhalwe verstrik geraak in 'n net van dwalinge en leuens. Hulle kan nie meer die weg daaruit vind nie, omdat hulle nie die wil daartoe het nie. En hierdie verduistering sal duidelik word wanneer hulle ernstig 'n standpunt sal moet inneem ten opsigte van die geloof, hulle verhouding tot My en My verlossingswerk. Dan sal alles soos 'n kaartehuis ineenstort, want die teenstander sal meedoënloos optree en elke leer weerlê, of - **alles belaglik maak wat tot nog toe vir die mense heilig was**.

My dissipels sal geen angs toon nie, moedig die stryd opneem, rekenskap gee en dit waarlik met groot oorwig, omdat hulle nie sal spreek nie, **maar Ekself**. Tog moet My eerste stryders deur Myself onderrig wees, want hulle moet uit eie beweging en in hulle eie styl spreek om nie die medemens tot geloof te dwing nie.

Ook sal daar stryders uit die geledere van die teenstander by julle aansluit wat onder die indruk van julle woorde en die geldigheid van julle argumente dit nie sal kan verloën nie. Sodoende sal die tyd eenmaal aanbreek waarin julle al julle kennis sal kan benut en vir hierdie tyd onderrig en **voorsien Ek julle van leerstof** wat nie elkeen kan besit nie en dit, omdat dit van My af kom, ook nie sonder uitwerking sal bly nie.

Ek wil graag nog baie mense help, maar of hulle hulp sal wil aanvaar, word aan hulle vrye wil oorgelaat. Ek laat wel ongewone dinge gebeur, maar altyd op so 'n wyse dat dit nie tot geloof dwing nie.

**Ek giet nog baie genade uit, maar daar moet uit vrye wil daarvan gebruik gemaak word**. Amein.

**Johannes 15:26**

*Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die VADER sal stuur, die Gees van die Waarheid wat van die VADER uitgaan, sal Sy van My getuig. [Psalm 86:11]*

*27 En julle getuig ook, omdat julle van die begin af met My is.*

**Johannes 14:26**

*maar die Trooster, die Gees van die Apartheid, wat die VADER in My Naam sal stuur, Sy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. [Númeri 15:38-39; Odes van Salomo 3:10; 16:13; JeshaJaH 42:3; 2 Ezra 5:28]*